Swaarmoedige begin van die nuwe jaar? Nee, Christus is en gee ons lig en hoop in donker tye!

Verwelkoming

Sing: Sb 1-2: 1,2,3

Gebed om seën

Sing: Ps. 89 – 1: 1,2

Geloofsbelydenis: 12 Artikels

Wet: Efesiërs 4: 17 – 5:5

Sing: Ps. 51 – 1: 5,6

Gebed

Skriflesing: Genesis 5

Fokusverse : 21 – 24

Woordverkondiging

Gebed

Sing: Lied 588: 1,2

Gebed om seën

Afkondigings uit Dienelkander

Geliefde brs en srs en liewe kinders

Nou ja, die meeste van ons het seker gehoop dat ons lewens in die nuwe jaar sal normaliseer na it wat ons geken het voor COVID-19. Wel, ek het so gehoop! Maar helaas, ons hoop is verydel! Ek het nog nooit so vreugdelose afskeid van die Oujaar en inwag van die nuwe jaar gesien soos wat ons vanjaar beleef het nie!

Mense se gemoedere is maar donker en baie moedeloos. Die Coronavirus het met mening weer toegeslaan en dié keer dalk erger as die eerste keer! Ons is terug na Vlak 3 inperking en almal wonder wat die effek hiervan gaan wees op die jaar wat voorlê!

Maar geliefdes, moet ons regtig deur so ŉ donker bril kyk na die jaar wat voor ons lê? Al is alles onseker en gaan al gaan ons lewe nie gou terugkeer na normaal toe nie, ons hoef nie met ŉ donker en swaar gemoed hierdie jaar tegemoet te gaan nie! Ja, ons sal ‘n donker gemoed hê as ons ons hoop en vertroue op die verkeerde dinge stel! Dis nie die regering wat vir ons verligting bring met goeie nuus dat ons inperking weer verlig gaan word nie! Almal wag om te hoor wat die President gaan sê.

Nee, ons moet na God kyk en luister wat Hy vir ons sê! Ons moet vertroue op Hom stel! Christus is en gee ons lig en hoop in hierdie donker tyd! Wanneer ons ons vertroue op Hom stel dan is daar lig en hoop – vir elke dag van 2021 – al lyk dit menslikerwys nie so rooskleurig nie!

Dit is God se boodskap vir ons vanmore! Christus is en gee vir ons lig en hoop in donker tye. En daarom kan ons elke dag van hierdie jaar met hoop en geloof en liefde aanpak!

**Want, brs en srs, ons lewe mos onder die seënende hand van God**! Dit is die eerste ding wat ons opval wanneer ons na die geslagsregister in ons teksgedeelte kyk. Hierdie geslagsregister sluit ons ook in – ons as mense geskape deur God! Ja, dat God ons na sy beeld geskape het en dat hy ons as mense geseën het!

Ons lewe – of dit goed gaan of sleg – is altyd in hierdie lewende verhouding met God waar ons as sy beelddraers optree en onder sy seënende hand lewe! Ons word elke erediens daaraan herinner wanneer God ons seën. Hierdie seën van God beteken tog dat Hy ons liefhet, dat Hy die lewe saam met ons wil lewe en dat Hy ons ons lewe gee om sy seën te kan ervaar! Dit is ook waar vir 2021 en daarom is daar vir ons lig en hoop!

**Ten spyte van die feit dat ons as mense God gefaal het en in sonde geval het!** Want dit is die tweede saak wat die geslagsregister aandui! Toe daar vir Adam ŉ kind gebore word was hierdie kind ook na sy beeld gebore - een soos hyself! Dit klink soos toe God die mens gemaak het – na sy beeld – maar hier was dit heeltemal anders. Want hoe was Adam? Sy beeld was gebroke deur die sondeval! En so ook elke mens wat daarna gebore sou word – ŉ gebroke beeld vanweë die sonde waarmee ons ook elke dag worstel!

**En hierdie sonde het ons wêreld donker kom maak! Die geslagsregister is so geskryf om juis ook hierdie donker van ons lewe uit te beeld!** Die refrein van mense wat gebore word, wat lewe en swaarkry, wat kinders kry en so ŉ volgende geslag gelowiges voortbring en dan sterwe! **Oor en oor die refrein van lewe en van sterwe!**

**Ook die woorde van Lameg met die geboorte van Noag gee iets weer van die swaarkry van die lewe**! Lameg verwys na God se vervloeking van die aarde met die sondeval in Genesis 3 en hoe ons nou tussen dorings en dissels moet swoeg en sweet! ŉ Lewe waarin ons ook deel met die swaar van sonde, siekte, seerkry en swaarkry!
Die lewe met ŉ verwoestende virus wat ons hele lewe omver kom gooi het! Van mense wat sterf, mense wat inkomste verloor en mense wie se lewens ingrypend verander word! Dit is wat Lameg van praat! En dan stel hy sy hoop daarop dat sy seun Noag ŉ bietjie vreugde en troos sal bring in hierdie swaar lewe! Min het hy geweet wat God met Noag sou doen!

En dan brs en srs, midde in hierdie donker refrein van lewe en dood en van ŉ lewe van geslagte van gelowiges wat swaarkry, **straal Henog se lewe soos ŉ helder ligstraal in die donker! Henog! Henog wat naby aan God gelewe het!** Letterlik staan daar Henog het met God rondgeloop! Sy lewe was in ŉ intieme lewe verbonde aan God! Henog het sy vertroue op God gestel! Hy het elke dag met God geloop! En alles was anders in sy lewe!

**Ons weet baie min van Henog!** Ons lees nog twee keer van hom in die Nuwe Testament. In Judas vers 14 en 15 lees ons **dat Henog ywerig vir God getuig het teenoor die ongelowige**! Hy het getuig dat God sal kom om te oordeel en dat Hy die ongelowiges sal straf! Ongelowige mense van sy tyd van wie mens in Genesis 4 leef! Henog het geweet God kom om te oordeel! En met hierdie hoop het hy met geloof geleef – elke dag met sy hand in God se hand!

**En met hierdie getuienis het Henog onwetend van Jesus Christus se koms getuig!** Daarom is hierdie verse so aangrypend binne die konteks! Dis nog so vroeg in die mense se geskiedenis! Die mens wat so swaar lei aan sy eie sonde en die gevolge daarvan! **Daardie mense moes ook hoor God se lig en hoop – dit wat ons nou weet in Jesus Christus gekom het! Daarom Henog se besondere lewe!**

**Die ongelooflike uitsondering dat Henog die eerste mens was wat nie gesterf het nie! Daarvan lees ons in Hebreërs 11. God breek met Henog die refrein van lewe en sterwe, want God het net vir Henog kom haal omdat Henog gelewe het soos God wil! Hy het nooit gesterf nie maar in die hemel by God opgeneem as die evangelie van lig en hoop! Dit is die boodskap dat daar oorwinning oor die donkerte van hierdie lewe is en dat daar hoop by God is!**

Dit is wat God met Henog vir sy tyd en vir ons wil sê. Ja, Henog het nog nie begryp dat Christus eers moes kom om die straf op ons sonde te kom dra en ons te bevry van die dood en die vervloeking van die aarde nie! Maar hy was in die kol dat Christus ook sou kom om te

oordeel! Die wat nie in Hom glo nie – vir hulle is daar geen lig en hoop nie! Vir hulle is daar die ewige dood! En wanneer Christus weer kom, dan sal dit duidelik word!

Maar die wonderlike goeie nuus vir ons is: omdat Christus gekom het en die straf van die sonde gedra het en ons vir altyd onder die seenende hand van God kom plaas het, kan ek en jy nou – net soos Henog – met God rondloop! **Ja, ons kan elke dag in noue gemeenskap met God lewe!**
Ons sonde en ons gebrokenheid maak nie meer dat ons nie naby aan God kan kom nie – soos die gelowiges in die Ou Testamentiese bedeling nie! Nee, ons lewe nou aan die hand van ons Vader – ons loop elke dag met Hom rond – met respek gesê! En dit is ons lig en hoop!

**Die seën wat God ons mee seën is die gemeenskap van die Heilige Gees wat aan ons gegee is**, juis om hierdie innige persoonlike gemeenskap met God elke dag persoonlik te beleef! Dat die Heilige Gees ons voortdurend herinner aan God se Woord en God se beloftes en dat ons elke dat met Hom kan praat en ons hoop en vertroue op Hom kan stel! Dat ons – soos Henog - kan doen wat God wil hê ons moet doen – selfs in die moeilikste omstandighede van 2021!

**Brs en srs, omdat ons so deur Christus met God kan wandel, daarom is daar vir ons in 2021 lig en hoop! Daarom mag ons nie met moedeloosheid en negatiwiteit hierdie jaar betree nie! Natuurlik gaan alles nog moeilik wees – maar nou lewe ons aan die hand van ons Vader en ons weet – Hy gaan ons hierdeur dra! Al verloop ons jaar nie soos ons gehoop het nie – ons gaan deur alles aan die hand van ons Vader – ons wandel deur 2021 met God in Christus – ons hoop en ons lig!**

**Brs en srs, weet julle watter betekenis is daar nog in hierdie geslagsregister?** Dit beskryf God se verbondstrou deur al die geslagte heen! Gelowige mense wat gebore word, met God leef, kinders kry en vir die Here groot maak en in die Here sterwe! En die volgende geslag leef weer voort aan die hand van die Here! God wat deur geslagte en eeue heen getrou bly!

Brs en srs en liewe kinders: so getuig hierdie geslagsregister vir ons oor 2021:God is getrou – ook aan ons en ons kinders – Hy sal ons deur hierdie jaar dra en meer as dit: Hy sal ons dra tot dat Christus weer kom!

Henog: die boodskap van lig en hoop in die donker tyd van Genesis 5! Christus: ons lig en Hoop vandag! Daarom geliefdes, stel julle hoop op Hom! Kom ons kyk op na God se seënende hand waaronder ons lewe – al gee die regering of die ekonomie nie goeie nuus nie – Die Goeie nuus is: ons loop elke dag in Christus saam met God! Daarom is daar lig en hoop vir 2021.

Al gaan die werksomstandighede weer omvergewerp word, al gaan skool of universiteit weer op vreemde manier beleef word, al word ons kerklike lewe en diens aan God weer

omvergegooi! Al leef ons midde die vrees van siekword aan hierdie virus en alles wat dit teweeg bring: Loop elke dag met God! Hou jou oë gevestig op Jesus – Hy is en gee vir jou lig en hoop! Soos Habakuk dit stel: nogtans sal ek jubel in my God

Amen